PowerPoint® 2013 lyk splinternuut. Dit is skoner en reg vir gebruik op tablette, sodat jy jou pad deur voorleggings kan vee en tik.

Instellingsgidse

Verbeterde instellingsgidse maak dit maklik en intuïtief om vorms, teksraampies en ander grafika in lyn met mekaar te bring. PowerPoint 2013 sluit slimgidse en gidse op meestersvlak in.

Slimgidse

Slimgidse stel jou in staat om intyds te sien hoe jou grafika belyn is en help jou intuïtief om die voorwerpe op die regte plekke te plaas. Slimgidse verskyn outomaties wanneer voorwerpe soos foto's en vorms min of meer gelyk is.

Slimgidse sal jou ook wys as voorwerpe ewe ver van mekaar af is.



Meestersvlakgidse

Meestervlakgidse stel vaste riglyne daar vir spesifieke skyfies uit die meester, wat dit maklik maak om visuele konsekwentheid oor skyfies te behou.

Voeg algemene vorms saam

Jy kan nuwe vorms vir diagramme en ikone skep met die verbeterde 'Merge Shapes'-werktuig. Kies net twee of meer algemene vorms op jou skyfie, tik of klik die **'Merge Shapes'** -knoppie op die **Format**-strokie, en tik of klik **'Union'**, **'Combine'**, **'Fragment'**, **'Intersect'**, of **'Subtract'**.



Vind pasmaats vir kleure met die 'Eyedropper'

Gebruik die nuwe 'Eyedropper' om die presiese kleur van 'n voorwerp op die skerm vas te vang en wend dit dan aan enige ander vorm. Byvoorbeeld, pas die kleur van 'n teël by 'n meegaande prent, of kry die presiese logo-kleur. Die 'eyedropper' doen die paswerk vir jou.

Om die 'eyedropper' te gebruik:

1. Kies die vorm of voorwerp waarvoor jy kleure wil laat pas.
2. Tik of klik enige van die kleuropsies, soos **'Shape Fill'**, **'Shape Outline'**, of **'Font Color'**.



3. Tik of klik **'Eyedropper'**, en tik of klik dan die kleur wat jy wil laat pas en wend dit aan die gekose voorwerp. Om 'eyedropper' te kanselleer sonder om 'n kleur te kies, druk ESC.

NOTA Om RGB- (Rooi, Groen, Blou) kleurkoördinate vir 'n voorwerp te sien, hang of rus bo 'n kleur.

Voeg aanlyn-foto's by

Jy kan PowerPoint 2013 gebruik om deur jou aanlyn-albums op Flickr en ander aanlyndienste te soek en foto's direk by 'n voorlegging voeg, sonder om dit eers op jou rekenaar te stoor.

Om 'n aanlyn-foto by te voeg:

1. Tik of klik **'Online Pictures'** op die **'Insert'-kieslys**.



2. Kies 'n bron vir jou foto's op die **'Insert Pictures'**-dialoograampie. Om 'n foto uit 'n aanlyntuiste soos Flickr in te voeg, tik of klik die skakel onderaan die dialoograampie.